

Nakomingsfokus vir oordragprysaanpassings

Tshwane, Vrydag 19 Januarie 2024 - Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) het vandag konsepreëlaanpassings gepubliseer vir openbare kommentaarlewering met die doel om oordragprysaanpassings te fasiliteer.

Die reëlaanpassings ingevolge die Wet op Doeane en Aksyns, nr. 91 van 1964, sal helderheid en sekerheid vir multinasionale ondernemings verskaf oor hoe om boek te hou van hulle oordragprysaanpassings op vorige doeaneverklarings. Dit sal verseker dat hulle hul doeaneverpligtinge nakom.

Prysskommeling van goedere en dienste wat deur multinasionale ondernemings gelewer word, het 'n rimpeleffek en beïnvloed die winste en, as resultaat, die belastingaanspreeklikheid van die multinasionale ondernemings. Dit is dan die multinasionale onderneming se verpligting om die oordragprysbetaling terugwerkend aan te pas om nakoming te verseker.

Die konsepaanpassings is op die SARS-webtuiste gepubliseer vir openbare kommentaarlewering en gepaardgaande op SARS se sosiale media aangekondig. Die doeane-gemeenskap word gevra om aan die proses deel te neem.

"Dit is nog 'n stap om dit maklik en eenvoudig te maak vir belastingpligtiges en handelaars om hulle verpligtinge vrywillig na te kom," het SARS-kommissaris mnr. Edward Kieswetter gesê.

"Wetgewing stel die organisasie in staat om die reëls en prosedures uiteen te sit wat nakoming op eenduidige terme bevorder en die belasting- en doeane-ekostelsel, wat ons belanghebbendes op nasionale en internasionale vlak, versterk.

Vir meer inligting, kontak SARSmedia@sars.gov.za.